# 'n Inleidende woord

Dekaan van die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria
en voorsitter van die redaksie van die Hervormde Teologiese Studies

Die vyf en sewentigjarige fees van Afdeling A van die Fakulteit Teologie is vir beide die Nederduitsch Hervormde Kerk en die Universiteit van Pretoria 'n gedenkwaardige gebeurtenis. Dit bevestig nie alleen 'n formele ooreenkoms tussen kerk en universiteit in verband met die opleiding van predikante nie, maar dra ook getuienis van wedersydse begrip en diensbaarheid. Van die kant van die kerk getuig die geskiedenis van die begeerte om sy predikante wetenskaplik te laat skool sodat hulle die evangelie in 'n steeds veranderende wêreld kan laat tuiskom. Van die kant van die universiteit lewer die geskiedenis getuienis van 'n wetenskapsbeskouing wat daar steeds aan die Universiteit van Pretoria bestaan, naamlik dat die bespreekbaarheid van die vraag na God binne 'n wetenskaplike milieu sy regmatige plek het.

Vir die Fakulteit Teologie is dit louter vreugde om juis in die tradisie van so 'n dialektiese spanning tussen ewigheid en tyd aan die spel van die teologie te kan deelneem. Teologiese spreke oor God binne hierdie konteks is immers altyd lewend. Dit is beweeglike spreke. Dit wil sê, ons het niks ooit heeltemal klaar gesê nie, niks ooit goed genoeg gesê nie. Daarom kan teologie binne die ruimte van 'n universiteit nooit tot rus kom nie, dit kan nooit in 'n afgeronde en geslote sisteem eindig nie. Vir hierdie verlewendiging van die teologie het die universiteit van Pretoria sy bydrae gelewer en daaruit het die kerk voordeel geput.

Hierdie uitgawe van die *Hervormde Teologiese Studies* is juis gewy aan die deelname aan die teologiese spel in verlede en hede. Tegelyk word gesigsvelde vir die toekoms geopen: 'n Toekoms waar daar opnuut van ons gevra sal word om teologiese refleksie te doen wat Woordgebonde, getrou aan eie tradisie, maar tog ook binne die konteks van universiteit, kerk en land met ekonomiese en sosio-politieke omstandighede rekening sal hou. Want alhoewel die kerk vreemd is vir die wêreld, kan die wêreld nooit vreemd wees vir die kerk nie. In hierdie spanningsveld moet die kerk leef en moet daar aan die spel van die teologie deelgeneem word.

In hierdie konteks lewer die *Hervormde Teologiese Studies* ook aan kerk en Universiteit 'n onberekenbare bydrae. So kom navorsingsresultate immers in die openbaar en stimuleer dit gesprek en voortgesette navorsing. So word die kerklike verkondiging gedien omdat hierdie sistematiese deurdenking van die heil vir die kerklike verkondiging 'n lewensaar bly.

Ek wil graag by geleentheid van hierdie feesbundel wat aan prof J P Oberholzer opgedra is, hulde bring aan sy eie deelname aan die spel van die teologie en die werk van die kerk. Hy, by uitnemendheid, het die Fakulteit ryp gemaak vir die pad wat hiervandaan vorentoe bewandel moet word.

Professor J H Koekemoer
Dekaan, Fakulteit Teologie (Afd A) aan die Universiteit van Pretoria en voorsitter van die redaksie van die *Hervormde Teologiese Studies*
Maart 1992